

Die Here is genadig. Getuig daarvan

As straf vir sy ongeloof was Sagaria stom (en waarskynlik ook doof) gedurende die verloop van Elisabet se swangerskap. Dan breek die agtste dag ná die geboorte van hulle seuntjie aan, en tot verbasing van die familie en bure dring beide ouers daarop aan dat hy *Johannes* ("die Here is genadig") genoem sal word. Nog groter was die omstanders se verbasing toe Sagaria onmiddellik hierna sy spraak herwin.

Die eerste woorde wat hy uitspreek is 'n loflied aan God wat ná vier honderd jaar van stilte, weer met sy volk praat. Eers kyk Sagaria in verse 68-75 dankbaar terug en daarna spreek hy in verse 76-79 'n profesie uit oor die rol wat Johannes sal speel as wegbereider vir die Messias. As die een wat "...voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak" (vers 76), sal Johannes vir sy volk die koms van **verlossing** aankondig. Nie verlossing in die sin van politieke bevryding van die Romeinse juk nie, maar verlossing van **sonde**. Dit was die eintlike vyand waarvan hulle bevry moes word.

Die verlossende optrede van ons Here kan nouliks mooier beskryf word as in die ligbeelde van verse 78b en 79. Soos die môreson skyn Hy oor ons en lei ons voetstaptes op die pad van vrede. Hy, die Son van geregtigheid, lei ons deur sy verlossende optrede uit die duisternis van sondeverlorenheid na die pad van lig en vrede en 'n herstelde verhouding met God!

Toe Sagaria hierdie profetiese woorde uitgespreek het, was daar 'n groot stuk geestelike duisternis in die wêreld. Wanhoop en pessimisme het mense se lewens gekenmerk. En vandag? Ten spyte van die uitwendige vertoon, is daar by die moderne mens opnuut 'n deerniswekkende leegheid en pessimisme te bespeur. Vir sulke mense moet u gaan sê: Jesus Christus is steeds God se enigste en volkome antwoord op ons behoefte aan verlossing en ons soeke na geluk. Wanneer Hy deur 'n ware geloof as enigste Verlosser aangeneem word (Joh 1:12), maak die leegheid plek vir ongekende blydschap en rotsvaste toekomsverwagting.

Sing: Skrifberyming 2:1,4,5

Ds JJ Cloete (Koster)